

## Die Geskiedenis van die Infanterie in Suid Afrika

Willem Steenkamp en ek is nou besig met Volume II, die geskiedenis van 1806-1902. Volume I, "Assegais, Drums and Dragoons" dek die geskiedenis van 1510-1806 en spesifiek van die eerste Britse besetting van die Kaap 1795-1802.

Die bevestiging van die trekboere weg van die Kaap in die binneland in. Hulle profiele en gees van onafklikheid. Hoe hulle hulself verdedig veral die San (Boesmans) wat op 'n gereelde grondslag vee steel en vee wagers vermoor, taktiek van bereide infanterie.

Die Bataavse republiek 1803-1806, wat die grondslag lê vir vryheidsdenke. Beskryf die profiele en bevolkingssamestelling van die boere wat 'n mengsel is van Hollands, Frans, Duitse en Brit. Teen hierdie tyd was daar alreeds twee grensoorloë teen die Xhosas, 1779-1781, 1789-1793. Die wa-laer het as 'n verdedigingsstelling ontwikkel en die boere het hul taktiek met bereide infanterie verder ontwikkel en in die praktyk getoets en uitgevoer.

Die tweede en laaste besetting van die Kaap deur die Britte in 1806. Een en sestig skepe onder bevel van Kommandoor Sir Home Popham en 7000 soldate onder Generaal Majoor Sir David Baird het die Kaap verower.

Die rol van die sendelinge onder andere Van der Kemp en Read om die grensboere swart te smeer. Die humanitêre rol van Lord Caledon (Du Pre Alexander.) Sir John Cradock vervang Caledon in Julie 1811. 8 Oktober 1811 het Cradock burgers van Graaff-Reinet, Swellendam, George en Uitenhage opgeroep om kommando's te vorm, elke kommando/eenheid is aangevoer deur sy eie veld kornet en die oorhoofse bevelvoerder was Sir John Graham. Die 4de Grens Oorlog het op 25 Desember 1811 begin (die eerste 3 grensoorloë is deur die Boere geveg) 2000 Britse troepe en Boere kommando lede het sowat 20 000 Xhosa-krygers Oos van die Visrivier teruggedryf. Hier het die boere hul mobiliteit, vuurkrag en die gebruik van die wa-laer, asook die waarde van wye verkenning bewys. Hulle deeglik bewus van vuur-en-beweging, logistiek en het ondersteuningswapens soos artillerie en vuurpyle gebruik. Die Britte het ook die gebruik van die lans en sabel vir hulle geleer. Die Boere het opgeleide milisie geraak!

Die teregstelling van Boere by Slagtersnek en die indruk wat dit op die boere gehad het, word bespreek.

Die 5de grens oorlog van 1819, die slag van Grahamstad op 21 Mei 1819 en die daaropvolgende hakkejag operasies om die Xhosas oor die Vis- en daarna die Keiskamma riviere Oos te verdryf.

Intussen word die situasie in die binneland Noord van die Gariep beskryf. Die Oorlams (Hottentots slawe) van Jager Afrikaner en Jan Jonker Afrikaner het vanaf Tulbach Noord beweeg. Hulle het van die trekboere die gebruik van die perd en die geweer geleer. Hulle trek op na Duits Suidwes in die 1800's. Hulle het 'n rampokkers lewe gely. Jager Afrikaner is in 1821 dood en is deur sy seun Jan

Jonker opgevolg. Saam met die mense van die Rooi Nasie , (Namas) verslaan hulle die Herero's in Namaland en gaan vestig Jan Jonker homself in Windhoek in 1840. ('n Geskiedenis van Suidwes Afrika, C.J.C Lemmer, Maskeus Miller 1976 p 5, p20-25)

Die konsolidering van die Zoeloe nasie onder Shaka tot 1820 word bespreek. Die vlug van Mzilikazi (Silkaats) na die Hoëveld noord van die Vaalrivier en die uitwissing van alle kleiner stamme in die binneland deur beide Shaka en Silkaats Hierdie uitwissing en volksmoord staan bekend as "Mefakane". Die vestiging van ander stamme in die binneland soos die Basoetoes onder Mosjesh in die huidige Lesotho, die Matabele onder die Silkaats in die Noordwes Transvaal en die Griekwas onder Hendrik Waterboer Noord van die Gariep (Oranjerivier) en Wes van Thaba Nchu.

Die 6de Grens Oorlog 1834-1835. Hierdie oorlog was een van die hoof oorsake van die Groot Trek. Dorpe is ontruim en meer as 2000 mense het na Grahamstad gevlug (byna almal het van Bathurst gekom). Sir Harry Smith het nou saam met die grensboere geveg en hulle leiers, soos Andries Pretorius, Piet Retief en Gerrit Maritz deeglik geleer ken .Teen hierdie tyd was meeste van die grensboere opgelei as milisie en het hulle saam met die Britse troepe as berede infanterie die Xhosas teruggedryf (die gebruik van sabel en pistool was algemeen) Dorpe soos Adaleide , Bedford, Somerset-Oos, Fort Beaufort het as versterkings poste, waar wa-laers ontplooi is, gedien.

Die Groot Trek die binneland in, wat belangrik is, is dat Hendrik Potgieter in die eerste veldslae met die inboorlinge (Matabele's) betrokke geraak het. Hy het van reghoekige laers met skiethokke aan die tenoorgestelde hoeke gebruik gemaak. By byvoorbeeld Vegkop het hy die waens aanmekaar vasgeketting en doringtakke onder die waens en die wiele vasgemaak. Hulle het die bosse om die waens weggekap en die slagveld en doodsakkers voorberei. Skootsvakke is uitgelê. Hulle het vêr van die laer af die Matabeles ontmoet. Daar is na kontak met die Matabele in spronge terug na die laer geveg. Vuur en beweging is gedoen. In Potgieter se aanmars en aanvalle op Mosega en Kapain het hy flank wagne ontplooi, diep verkenning gedoen, stormgroepe opgestel, stoppergroepe gebruik die storm loop het vroeg oggend vanuit die ooste plaasgevind sodat die Matabele verdedigers deur die opkomende son verblind is. Potgieter het in al sy offensiewe operasies, sy berede infanterie met die maksimum skokeffek gebruik. Andries Pretorius, Sarel Cilliers, Piet Uys en Hans de Lange het aan hierdie operasies deelgeneem en het hulle later soortgelyke taktiek in Natal, teen die Zoeloes toegepas.

Die groot moord op Piet Retief en sy +70 manne by Dingaan se kraal Ungungundlovu in Februarie 1838 en die daaropvolgende moorde op +\_ 500 trekkers in die omgewings van Bloukrans en Moordspruit word bespreek, die aanhitsing en betrokkenheid van die Britte van Port Natal word uitgelig. Die verdediging by Sooi- en Veglaers, deur die trekkers en hulle gebruik van kanonne in die verdediging word bespreek. Die kontak met Andries Pretorius, weer terug op die Oos-grens, sy opdragte ten opsigte van die trekkers se voorbereiding vir 'n offensief teen Dingaan. Pretorius se aankoms by die trekkers in Natal in

November 1838 Die logistieke stapeling en voorbereiding van veghekke, kanonne en skroot, lopers (hael) , die verkryging van lood en die rol van smouse word bespreek. Die opmars na Dingaan, die waens was ligter en het minder osse gehad. In plaas van 14 osse was daar nou spanne van 10-12 osse. Wye verkenning is gedoen en verkenners het spesifieke opdragte gehad soos om terrein te bepaal vir moontlike verdedigingsstellings, hindernisse en moontlike plekke vir hinderlae en baie belangrike waterpunte, is verken.

Die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 en die daaropvolgende hakkejag operasies word bespreek.

Intussen in die Oos Kaap help die agtergeblewende boere nog steeds die Britte in die 7de, 8ste en 9de grens oorloë. Die Britte het intussen die boere se kommando stelsel aanvaar en dit self begin gebruik.

Die boere in Natal vestig die republiek Natalia met hul hoofstad in Pietermaritzburg. Die eerste koerant van die Boere word reeds in 1841 uitgegee. Die Voortrekkers se kontak met die Kaap en Europa dmv koerante word bespreek. (Terwyl die Voortrekkers in die binneland was het hulle nog altyd lewendige belangstelling in die nuus van die Kaap en Europa, getoon). Die oornome van Port Natal deur die Britte. Die wegtrek van die Boere vanuit Natal terug na die Hoëveld toe word bespreek. Die slag van Boomplaats 1848 word bespreek.

Die erkenning van die Britte van die Transvaal gebied met die Sandrivier Konvensie in 1852 en die erkenning van die Vrystaat met die Bloemfonteinse konvensie in 1854 word bespreek.

Kleiner oorloë in die Transvaal, Vrystaat, Natal en Oos Kaap :

- In die Mariko distrik in 1857 teen die Twanas van Masibu wat vee gesteel het.
- In die Vrystaat 1856 oorlog teen Kaptein Witsies agv veediefstal.
- By Winburg 1856/7 teen Boesman bendes wat vee gesteel het.
- Naby Standerton aan die Vrystaat kant, oorlog teen die Basoetoes agv vee diefstal.
- In die Vrystaat, veldtogte teen die Basoetoes, Louw Wepener sneuwel by Thaba Basigo, almal bereide infanterie operasies en as infanterie tydens aanvalle op begvestings.
- 1878 in die Transvaal, oorlog teen Sekukoeni in die noorde begin.
- 1879 in die Oos Kaap oorlog teen die Pondos en Griekwas begin.
- Die Anglo/Zulu oorlog 1879:
  - ❖ Die slag Izandwala, 22 Januarie 1879 en die uitwissing van 'n hele Britse bataljon.
  - ❖ Die geveg by Rorkes drift.
  - ❖ Die slag van Ulundi.
  - ❖ Die finale oorwinning van die Britte oor die Zulu's.

- Aan die Oos grens volg die grens oorloë die 7de, 8ste en die laaste een die 9de.

#### Die eerste Anglo Boere Oorlog (Eerste Vryheidsoorlog)

- 12 April 1877 die 1ste Britse besetting van die ZAR deur Sir Theophilus Shepstone en die gevolge, word bespreek.
- 1880-1881 die Eerste Vryheidsoorlog, die Boere was toe gewapen met die Westley –Richards en Sneidergewere en kon dit effektief tot op 600m aanwend. 'n Britse eenheid is naby Bronkhorstpruit flenters geskiet. Die slag van Majuba 27 Februarie 1881 en die dood van Generaal Colley. Die Pretoria Konfensie van Augustus 1881 word onderteken.
- Verwys na die Dorsland Trekkers deur Botswana, Duits-Suidwes Afrika na Angola.
- 1882 die oorlog teen Mapoch in die omgewing van Middelburg, Transvaal.

#### **Die ontdekking van diamante en goud**

Die ontstaan van die stad Johannesburg die instroming van myners en delwers na die Rand. Die ontwikkeling van spoorlyne vanaf die Kaap na Betsuanaland en van Pretoria na Delagoabaai. Die rol van De Beers, Cecil Rhodes en die uitlander vraagstuk word bespreek. Die Jameson inval van 29 Desember 1895- 2 Januarie 1896 word bespreek. Hier word verwys na die taktiek van die Britte vanuit Rhodesië en verdedigingstaktiek van die Boere onder Generaal Piet Cronje. Die daaropvolgende bewapening van die ZAR en die OVS, aankoop van gewere en patrone (Duits en Brits), artillerie (Duits en Frans) en die opleiding van artilleriste.

#### **Die Anglo Boere Oorlog 1899-1902**

'n Duidelike uiteensetting van die oorlog – aanvanklike swak leierskap aan beide kante totdat Generaal Botha aan die boere kant oorneem en aan die Britse kant Lords Roberts en Kitchener. Die Slag van Tloengweni het in 1899 rofweg as volg gelyk: 31 329 Transvalers, 22 374 Vrystaters, 106 000 Britse voltydse magte ("regulars") waarvan +- 70 000 in Indie was en 78 000 die "Home Army" in die VK was. Groot kontingente vanaf Kanada, Australië en New Zeeland het na Suid Afrika gekom. 'n Verdere 120 000 miliese en 200 000 vrywilligers is vanaf die VK verkry. Die Britse se veld-artillerie was op daardie stadium die beste opgeleide artillerie in die wêreld. Die Britse berede infanterie was uitstekend opgelei danksy hulle ondervindings in Indie, Kanada en Australië. Die Britse infanterie en artillerie was opgelei en geoefen om saam met snel-vuurkannone te werk. Aan die Boere kant is artillerie stuk-stuk en meestal ongekoördineerd aangewend en hul berede infanterie reeds legendaries.

Beskyf die verloop van die oorlog tot die besetting van Pretoria deur Lord Roberts op 5 Junie 1900 en Robberts verklaar die einde van die oorlog en keer terug na Engeland en laat die konsolidering aan Lord Kitchener oor, tot die verbasing en erge nederlaag van die Britte, word 'n nuwe fase van die oorlog deur die Boermagte begin. Guerilla- oorlog onder die Boere leiers De La Rey, De Wet, Botha en Smuts, begin. Kitchener se teenstrategie van konsentrasie kampe,

verskroeiende aarde-beleid, blokhuis en doringdraad grense en vlieënde kolomme taktiek, dwing die Boere tot oorgawe met die vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902.

### **VERWYSINGS:**

Die volgende moet in gedagte gehou word en na die inhoud van Volume I, verwys word. Die pokke epidemie 1713 -1714, is +- 750 van die 2000 inwoners van die Kaap dood, en na skatting is +- 30 000 Khoikhoi afgemaai en van die ooblywende Khoikhoi het na die kasteel toe gekom en vir die VOC vir 3 etes per dag gewerk. Pokke het diep in die binneland versprei en baie mense doodgemaak. As gevolg van hierdie epidemie is die Trekboere dieper die binneland in. Hierdie kan gesien word as 'n keerpunt in ons geskiedenis: die Trekboere was los, onafhanklik, 'n nuwe sosiale gemeenskap het ontwikkel, en 'n buigsame, grenslose gedagte in 'n onbepaalde milieu het ontstaan. Die Trekboere het hulle onder geen gesag van owerhede gesien nie. By die Trekboere was daar ook geen nasionale bewussyn nie.

Interessante feit, die yster tydperk het tussen 700 en 1000 na Christus by die swart stamme posgevat, terwyl dit reeds 1400 voor Christus by die blanke Europeërs en Indiërs beoefen is. Teen daardie tyd was daar reeds skrif, argitektuur en die gebruik van die wiel by die Europeërs en Indiërs, aanwesig.

Brig Genl John Lizamore

Johannesburg  
3 Februarie 2018